

22 Julie 2012

Efesiërs 2:11-22

Tema: Totale toewyding, gehoorsaamheid, sal veroorsaak dat jy met God verenig word, en diensbaar en bruikbaar word, en dat jy bereid is om in te pas WAAR GOD JOU PLAAS, as deel van die EENHEIDSGEBOU (Jood en Nie-Jood wat saamgevoeg is, mense wat met God verenig is)

Die gemeente is die versameling van mense wat 'n tempel vir God, soos 'n sigbare gebou wat getuienis is van God. Christus hoeksteen, plek waar God werk en die wereld bereik.

Afkondigings

Toetrede:

Orrel tussenspel

Aanvangswoord

As die Here ons nie gehelp het
toe mense ons aangeval het nie,
³dan het hulle ons lewendig verslind

⁴dan het die waters ons weggespoel
en die vloed ons oorweldig;

⁶Aan die Here kom die lof toe:

⁸Ons hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.
(Uit Psalms 124:1-8)

Seëngroet

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus! (Efesiërs 1:2)

Lied 163 Soos 'n wildsbok vs 1 (herhaal)

Verootmoediging

Wet van God

Matteus 22:34-40 ()

Skuldbelydenis

V: As ons ons sondes bely,
God is getrou en regverdig,
Hy vergewe ons ons sondes
en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Here, ek is 'n sondaar, wees my genadig.

V: Kom ons doen saam 'n gebed van skuldbelydenis.

A: Genadige God,

**ons bely dat ons teen U gesondig het,
deur gedagte, woord en daad,
deur wat ons gedoen het,
en deur wat ons nie gedoen het nie.
Ons het U nie met ons hele hart liefgehad
en ons naaste soos onself nie.
In u groot genade, Here, vergewe ons,
help ons op die regte pad,
sodat ons u wil sal soek
en op u paaie sal stap,
tot eer van u Naam.**

V: Daar is nou vrede tussen jou en God deur ons Here Jesus Christus.
(Uit: Soos 'n blom na die son draai van Cas Wepener, 2011: 53)

Vryspraak

⁴Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. ⁵Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! ⁶Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, ⁷sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.

⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. ⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het.
(Efesiërs 2)

Aanvaarding van die vryspraak

Lied 292:1,2 My enigste troos in lewe en dood

Epiklese

“Ons God en Vader,
lei ons uit 'n lewe van doodsheid na die Lewe.
Lei ons uit valsheid na die waarheid.
Lei ons uit vertwyfeling na 'n bestaan vol hoop –
van vrees na vertrouwe,
van haat na liefde,
van stryd na vrede.
Ag, Here, laat u vrede ons harte vul,
en so ook ons wêreld,
en uiteindelik die heelal” (uit 'n tradisionele Anglikaanse
gebed).

(Uit Bybelmedia se Preekriglyne en Liturgiese Voorstelle vir 2011-12.)

Skriflesing Efesiërs 2:11-22

Prediking:

Roger Zerbe het relatief vroeg in sy lewe begin ly aan Alzheimer se siekte. Na 'n besondere slegte periode van vergeetagtigheid, in 'n helder oomblik, skryf hy die volgende aan sy vrou:

Liefeling, vandag neem vrees van my beheer. Die dag kom vinnig nader waar al my herinneringe aan die lewe wat ons saam gelei het, weg sal wees. Jy en die seuns sal vir my in die mis van vergetelheid verdwyn. Ek gaan jou verloor, selfs terwyl jy en jou liefde elke dag by my sal wees. Ek wil nie weggaan nie, ek wil nie my herinneringe verloor nie. Ek wil oud word, gekoester in die warmte van goeie herinneringe. Dis ons nie beskore nie. Vergewe my vir die feit dat ek so stadig en pynlik weggaan, terwyl ek nog lewe.

Hierop skryf sy vrou, Becky, terug:

My liewe man, ek sal voortgaan om jou lief te hê en vir jou te sorg. Ek doen dit nie omdat jy my ken, of ons lewe saam onthou nie, maar omdat ek jou onthou. Ek sal die man onthou wat my om my hand gevra het, en sy liefde vir my verklaar het. Ek sal jou onthou vir jou teenwoordigheid by ons kinders se geboorte, vir die pa wat jy was, en vir die manier waarop jy ons familie liefgehad het. Ek sal jou liefde vir perdry, stap en lees onthou, jou trane tydens sentimentele fliks, jou onverwagse pittige opmerkings, en hoe jy my hand vasgehou het terwyl ons saamgebied het. Ek heg groot waarde aan die voorreg, verpligting en geleentheid om vir jou te sorg, omdat ek jou onthou!

Onthou is belangrik

Roger en Becky Zerbe het ontdek hoe belangrik dit is om te onthou. En hoe katastrofies dit is om te vergeet.

Mens se herinneringe oriënteer jou. Jy onthou hoe jou lewenspad geloop het om jou hier te bring waar jy nou is. Jou herinneringe verbind jou aan jou verlede en hou jou sin vir identiteit en lewenskoers orent. Wanneer jy begin vergeet, vergeet jy nie net feite nie. Jy vergeet wie jy is. Jy vergeet waar jy tuishoort. Jy vergeet hoe die wêreld rondom jou inmekaarsteek, waar jy inpas, en wie die mense is wat saam met jou deur die lewe reis.

Vergeet is katastrofies.

Onthou ALLES

'n Mens se geheue kan uiters selektief wees. Die meeste mense onthou eerder mooi dinge as lelike dinge. Die onreg wat aan jou gedoen is, onthou jy makliker as die onreg wat jy aan ander gedoen het. Mens onthou én vergeet selektief, om jouself te beskerm. Die dinge wat jy vergeet, en wat jy onthou, word 'n manier om jouself te regverdig. Jou geheue kan jou só parte speel, jy demoniseer en veroordeel ander bloot op grond van die dinge wat jy kies om te onthou.

Daarom moet mense mekaar help onthou. Ons moet die volle prentjie onthou, ook die slegte dinge. Ook die sonde wat ons teenoor ander en teenoor God begaan het. Ons moet die vergifnis wat ons nodig het, en ontvang het, óók bly onthou. Sodoende bly ons geloofsidentiteit gesond en word dit volledig en gebalanseerd gevorm.

Onthou is belangrik vir ons geloofslewe

Paulus skryf aan die Efesiërs: "Hou dan in gedagte wat julle vroeër was." (11) Wat dan volg, is nie 'n aangename lysie dinge om te onthou nie. Hulle sal die volle betekenis van die nuwe lewe in Christus egter nooit hul eie maak as hulle nie die "vroeër" bly onthou nie:

Die Efesiërs was:

- Heidene - mense wat nie deel van God se volk was nie;
- "Onbesnedenes" - mense wat nie die teken van God se genade gedra het nie;
- Sonder Christus;
- Uitgesluit uit die verbond tussen God en God se volk;
- Mense wat sonder die beloftes van God moes lewe;
- Sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Terwyl baie Christene die boeke op die slegte verlede wil toemaak, sê Paulus die boeke van die verlede moet oop bly. Onthou wie julle was.

Dit het alles met die vorming van die nuwe identiteit in Christus te doen. Wie weet wat jy vroeër was, wéét óók wie jy nie langer is nie. Op grond van Christus se werk in jou lewe, durf jy nie langer wees wat jy vroeër was nie. Christus het jou verander, jy is 'n nuwe mens. Jy is nou anders.

Mens moet versigtig wees om hierdie gedeelte individueel te verstaan. Dit gaan hier om veel meer as die individu. Paulus praat trouens deurgaans van *julle*. Die gemeente moet onthou wat hulle vroeër was, en wie hulle nou is. Hy is veel meer geïnteresseerd in die korporatiewe identiteit, die groepsidentiteit, van die Here se kerk in Efese as bloot in die individu se lewe. Dit is vir ons vandag baie moeilik om te verstaan, maar God kyk na die gemeente as een entiteit. Dit gaan nie net oor my siel en ek wat hemel toe gaan nie. Dit gaan vir God oor die gemeente.

Dit is altyd vir my 'n vraag oor wanneer 'n mens kan sê dat "die gemeente" by 'n saak betrokke is. Kan 'n mens sê "die gemeente" is by 'n saak betrokke as daar uit 'n gemeente van 1400 mense 3 mense intens betrokke is, 'n klompie hulle ondersteun en vir hulle bid, 'n verdere groep darem kennis dra, geld gee ens sodat daar uiteindelik 100 uit die 1400 betrokke is? Kan mens werklik sê dat "die gemeente" nuut is, vir God lewe, gehoorsaam is aan God?

"Julle is lewend gemaak"

Net in die voorafgaande gedeelte (2:1-10) spel Paulus selfs helderder uit wie die Efesiërs vroeër was. Hulle moet in gedagte hou dat hulle identiteit die identiteit van die sondige wêreld was. Sonder Christus was hulle dood. Hulle was onder die oordeel van God. Maar God wat ryk in barmhartigheid is, en die Efesiërs innig liefhet, het hulle in Christus lewend gemaak. Hierdie redding het nie uit hulself gekom nie, maar is 'n gawe van God. Die geloof in Christus, wat God in hulle bewerk het, het vir hulle nuwe lewe laat aanbreek.

Die drie funksies van onthou

In ons teks het die onthou van wie ons vroeër was, teenoor wie ons nou is, drie belangrike funksies.

Een: Onderstreep identiteit en roeping

Ons het reeds heelwat aandag geskenk aan die feit dat die kontras tussen wat die Efesiërs vroeër was, en wie hulle nou in Christus is, die fokus op hulle identiteit in Christus laat val. Die onthou

herinner hulle dat hulle nou anders is. Hulle diepste wese is verander. Hulle IS nuwe mense. Die onthou het 'n etiese dimensie. Hulle is geroep om nou anders te lewe.

Mens wonder wat dit vir ons gemeente te sê het. Baie van ons is al vir dosyne geslagte lank Christene. Ons is nie meer so direk bewus dat daar 'n tyd was dat ons nie in 'n Christelike atmosfeer gelewe het nie. Sê hierdie teks vir ons iets?

Talle van ons het natuurlik tot geloof gekom uit 'n persoonlike lewe van ongeloof. Dalk was ons ouers ver van die Here, en het ons die Here op 'n kragtige manier ontmoet. Vir diegene is die krag van die teks makliker raak te sien. Maar selfs diegene wat Christelik groot geword het, en nooit 'n radikale oorgang in hul lewe (uit 'n lewe van afvalligheid) beleef het nie, sê die teks iets besonder.

Laat ons onthou, wat ons is, is net die genade van God. Dit is God wat geloof en nuwe lewe skenk. Laat ons onthou dat die lewe buite die genade een van doodsheid en verlorenheid is. Laat ons steeds verwonderd bly oor die nuwe lewe in Christus.

Twee: Fokus die aandag op God se wonderbaarlike werk

In ons teks word die kontras tussen die ou en nuwe lewe direk gekoppel aan die aktiewe betrokkenheid van Vader, Seun en Heilige Gees in die lewe van die Efesiërs. Sonder God sou hulle steeds in die vorige lewe vasgevang wees.

Dieselfde geld ons. Tussen ons en 'n lewe sonder Christus en sonder hoop staan die aktiewe betrokkenheid van die drie-enige God in ons lewe. Dit is God wat geslag na geslag aan God vasbind. Dit is God wat ouers as sendelinge na hulle kinders stuur. Dit is God wat gemeentes na hulle jongmense stuur en geloof in hulle hulp bou.

Die drie-enige God se aktiewe betrokkenheid in ons lewens klink soos 'n refrein in ons teks. Enkele voorbeelde:

- Ons kom deur die bloed van Christus tot by God
- Christus het sy lewe vir ons gegee
- Christus het ons deel van die volk van God (deel van Israel) gemaak.

Drie: Fokus die aandag op die doel van God se werk

Wat is die doel van God se werk in die lewe van die Efesiërs? Baie moderne Christene sal sê dis sodat die Efesiërs hemel toe kan gaan. Hoewel dit nie onbelangrik is nie, het ons teks 'n ander dinamika. God sluit die Efesiërs by God se volk in met 'n ander doel. God bewerk een nuwe mensheid hier op aarde. God skep een nuwe volk, bestaande uit voormalige vyande wat tot een nuwe liggaam, die liggaam van Christus verenig word. Dit word veral in verse 13-18 uitgespel.

Deur God se verlossing word die krag van God gedemonstreer. God vee vyandskap en verdeeldheid uit die weg. God skep 'n nuwe mensheid. Hy breek skeidsmure af en maak sy volgelinge een. Hy bring vrede tussen Jood en nie-Jood, Hy sluit mense in gemeenskap in. Hy is almal se Vader en gee deur die een Gees vir almal toegang tot sy teenwoordigheid.

Waarom skep God 'n nuwe mensheid, een nuwe volk? Dit is die volgende logiese vraag.

God bou 'n heilige tempel

Die Ou Testamentiese tempel is gesien as die plek waar hemel en aarde ontmoet. Dit is waar God woon. God woon egter nie regtig in 'n gebou wat met klip en steen opgerig is nie. Nee, God bou 'n nuwe gebou, 'n tempel. God se gelowige kinders, die lede van God se huisgesin, is die lewende stene waaruit hierdie gebou opgerig word:

Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon. (20-22)

God woon in God se kerk. En by verstek bestaan God se tempel nie net uit die Ou Testamentiese Israel nie. God het altyd die nasies in die oog gehad. Reeds by Abraham se roeping (Genesis 12) is dit duidelik dat Israel bloot God se manier is om by die nasies uit te kom.

Met die Nuwe testament breek die tyd aan om die nasies in te sluit in God se gebou. God bind mense oor allerlei natuurlik grense saam tot een, heilige tempel waarin God hier op aarde woon.

Só is God teenwoordig in God se wêreld. Deur die mense wie aan God behoort. So word God se krag en heerlikheid in die wêreld uitgestal: deur die mense wat God oor alle denkbare grense tot een nuwe gebou saam opbou.

"Onthou" verander ons lewe

Die uitdaging is om te onthou dat ons deel van God se volk is. Ons is 'n deel van God se tempel.

Daarom moet ons die eenheid wat Christus tussen ons skep baie ernstig neem. Dit moet ons lewens rig. Waar ons verdeeld is, soos vyande optree, en mekaar afkraak, verbreek ons die skoonheid van die tempel wat God skep.

Daar is diep klowe tussen mense en tussen gemeenskappe. Dit geld ons land, maar ook die hele wêreld. Ons vergeet dat God eenheid skep tussen God se kinders. Daarom is verdeeldheid en verskeurdheid tussen Christene en kerke vir ons so normaal. Ons kan soveel goeie redes onthou waarom ons nie een kan wees nie. Daar is stryd, verontregting, konflik, verdeeldheid uit die verlede wat so maklik is om te onthou. Hoe meer ons die redes vir verdeeldheid onthou, hoe meer ontkrag ons die verlossende en verenigende werk wat God die Vader, Seun en Heilige Gees.

Ons word opgeroep om te onthou. En ons word uitgedaag om vanuit ons eenheid te gaan lewe.

Wees versigtig vir geestelike Alzheimer's. Vergeet is katastrofies.

1 God stuur ons om te leef

Gebed

Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

Offergawes

Wegsending 284 Laat Heer U vrede deur my vloei 1,2,3

Seën

Voorganger: Gaan hiervandaan met vreugde. Dans, lag, sing en skep.

Gemeente: Ons gaan met die versekering van die Here se seën.

Voorganger: Gaan hiervandaan met die vertrouwe om te waag en lief te hê.

Gemeente: Ons gaan – verseker van die Here se seën.

Voorganger: Gaan hiervandaan met die geloof om te glo, te hoop, te stry en te onthou.

Gemeente: Ons gaan met die versekering van God se liefde. Alle dank kom God toe.

(Uit Bybelmedia se Preekriglyne en Liturgiese Voorstelle vir 2011-12.)

Musikale Amen Lied 312/313/314/315/

Met dank aan Seisoen Van Luister (seisoenvanluister.co.za)